SAKE VOLKSBLAD
Monday, 23 October 2006, p. 14

Boubedryf glo nie reg vir ontwikkeling

'Sal wanbalanse moet regstel

■ JAN DE LANGE

JOHANNEBURG. – Die boubedryf kan nie voldoen aan die eise van die land se infrastruktuur-ontwikkelingsprogram nie en sal vindingryke maniere moet bedink om die wanbalanse met vaardighede en menslike hulpbronne reg te stel.

Só sê die personeelgroep Landelahni ná 'n omvattende peiling na die menslike hulpbronne in die bedryf.

Volgens me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van Landelahni, is die bedryf in geen posisie om te voldoen aan die uitdagings wat die komende infrastruktuurontwikkelingsplan gaan stel nie.

"Die vereistes van lewering gaan waarskynlik die heersende vermoens van die bedryf oortref," sê sy.

Dit is ondanks groei van 27% in indiensneming die afgelope vyf jaar in die sektor tot 935 000 werknemers in die informele én formele sektor.

Die Suid-Afrikaanse boubedryf het ingehaal en beleef 'n infrastruktuur-opswaai soos geruime tyd reeds elders in die wêreld aan die gang is. Die bedryf was in die jare tagtig en negentig egter meestal in resessie. "Ons word nou in die gesig gestaar deur 'n toestand waarin daar sowel plaaslik as internasionaal 'n tekort aan ingenieurs en ambagslui is," sê Burmeister.

Die vaardigheidstekorte in die bedryf is groot op professionele en bestuursvlakke en die druipsyfers van studente aan tersiêre inrigtings is volgens haar skrikwekkend.

"Tussen 1998 en 2004 het 50 570 mense vir ingenieurskursusse aan universiteite geregistreer en 8 900 van hulle het gegradueer. Dis 'n slaagkoers van 17,5%."

Die opleiding van ambagslui en tegnici oor die afgelope dertig jaar het ook dramaties agteruitgegaan. In 1975 was daar 33 000 ambagslui in opleiding, maar vandag is daar net 1 440.

Registrasie van nuwe kandidate, veral swart kandidate, by die Ingenieursraad is meer bemoedigend. Dit dui daarop dat maatskappye 'n verskeidenheid van werknemers laat registreer. In 2004 is daar byvoorbeeld 907 swart kandidate geregistreer en 940 wittes.

Die Gesamentlike Inisiatief vir die Verkryging van Voorkeur-vaardighede (Jipsa), wat die regering vroeër vanjaar van stapel gestuur het, is 'n stap in die regte rigting, maar dis nie genoeg nie.